

## Die Here seën die volk drie keer (deur Bileam) (OP57)

Num 23:1-24:14

12 September 2021

Laasweek het ons begin kyk na die geskiedenis van Bileam en Balak. Ons het gesien dat Balak, die koning van Moab, bang was toe die Israeliete konings Sihon en Og van die Amoriete verslaan het, en op die Moabsvlakte, oos van die Jordaan, kamp opgeslaan het. Hy het besluit om Bileam, 'n professionele waarsêer, te laat roep om die volk namens hom te vervloek. Bileam was gretig om te kom, waarskynlik omrede Balak hom ryklik sou beloon. Maar die Here het hom ernstig gekonfronteer, veral deur die insident met die donkie, terwyl hy op pad was na Balak toe, om hom te laat verstaan dat hy net mag doen wat die Here vir hom sê om te doen. Teen die einde van Num 22 het Bileam by Balak aangekom.

In Num 23 en 24 lees ons in totaal van sewe uitsprake wat Bileam gemaak het. Alhoewel dit ideaal sou wees om na al sewe uitsprake as 'n geheel te kyk, is dit nie prakties om dit alles in een sessie te hanteer nie. Ek wil dus vandag na die eerste drie uitsprake van Bileam kyk, maar onthou, daar is nog vier uitsprake wat kom, waarna ons, as die Here wil, volgende keer sal kyk.

### Die eerste uitspraak van Bileam (Num 22:41-23:12)

Volgens Num 22:41 het Bileam en Balak die berg Bamot-Baäl uitgeklim. Die NAV sê dat Bileam die kant van die volk vandaar af kon sien. As jy na Engelse vertalings kyk, lees jy "he saw part of the people" (NIV, ook ESV). Die punt is duidelik: Bileam kon net 'n gedeelte van die volk sien. In Num 23:1-3 lees ons van 'n ritueel wat hulle uitgevoer het: Balak moes sewe altare bou, en op elke altaar is daar 'n ram en 'n bul geoffer. Balak moes daarna by die altare agterbly, terwyl Bileam een kant toe gegaan het in die hoop dat die Here Hom aan Bileam sou openbaar. Die Here het Hom aan Bileam geopenbaar. Bileam sê toe vir die Here van die sewe altare wat hulle gebou het en die offers wat hulle gebring het. Dit alles skep die indruk dat Bileam en Balak hierdeur gepoog het om die Here te beïndruk. Daarna het die Here aan Bileam 'n boodskap gegee wat hy aan Balak moes oordra.

Die inhoud van die boodskap van die Here deur Bileam aan Balak is as volg: Bileam begin deur te verduidelik hoekom hy hier is: Balak het hom laat roep om die volk te vervloek. Maar in vers 8 waarsku hy Balak dat hy nie die volk kan vervloek as die Here hulle nie vervloek nie. Die essensie van die boodskap is in vers 9-10: Hy kyk van die hoogtes na die volk op die Moabsvlakte en daar is iets besonders wat hy sien. Hy sien hierdie volk is op hulle eie, hulle is afgesonder van die nasies, m.a.w. hulle vermeng hulle nie met die ander volke nie. Onthou nou, hulle het sopas die Amoriete verdryf voor hulle hier kom woon het. Verder sien Bileam dat hierdie volk 'n groot volk is – hulle is so baie soos die stof, hy sou nie eens 'n kwart van hulle wou tel nie. Onthou, op hierdie stadium het hy nog maar net 'n deel van die volk gesien, en hy is alreeds verbaas oor hoe baie hulle is. Boonop assosieer Bileam die volk met die opregtes (v10), en hy het die begeerte om, voor hy sterf, soos hulle te wees.

Opsommend sê Bileam hy sien 'n volk wat baie groot is, wat afgesonder is en nie vermeng met ander nasies nie, en boonop is hulle die opregtes. Duidelik is dit nie wat Balak wou hoor nie – dit klink vir hom meer na 'n seën as 'n vervloeking. Maar Bileam herinner hom hy kan net sê wat die Here sê.

### Die tweede uitspraak van Bileam (Num 23:13-26)

Balak besluit dat hulle na 'n ander berg moet verskuif, miskien sal Bileam Israel vandaar af vervloek. Hulle verskuif na die top van Pisgaberg. Vandaar kan Bileam weer net 'n deel van die volk sien. Weereens gaan hulle deur die ritueel om sewe altare te bou, en om op elke altaar 'n bul en 'n ram te

offer. Weer bly Balak by die altare, en Bileam gaan eenkant om 'n openbaring van die Here te ontvang, en weer openbaar die Here Hom aan Bileam.

Hierdie keer is die boodskap soos volg: Vir 'n begin moet Balak iets oor God leer. God is nie 'n mens nie, en daarom verander Hy nie van gedagte soos 'n mens tipies doen nie. Nee, as God iets belowe het, dan doen Hy dit. Die Here het alreeds tydens die besoek van die eerste afvaardiging van Balak terwyl Bileam nog by die Eufraat was, gesê Bileam mag nie die volk vervloek nie, want hulle is geseën (Num 22:12). In Num 23:20 verduidelik Bileam nou weer vir Balak hy kan nie die volk vervloek nie, en die rede is: hulle is deur die Here geseënd, en die Here verander nie van plan nie. Gevolglik beleef Israel geen rampe of swaarkry nie. Vers 21b verduidelik die Here hulle God is by hulle, en hulle verheug hulle in die Here as hulle Koning! Dit was juis die Here wat hulle uit Egipte gebring het en Hy is duidelik hulle krag. Balak moet verstaan dat geen toordery of waarsêery enigsens iets hier gaan vermag nie – juis wat hy gehoop het Bileam hom mee kan help. Trouens, Balak moet verstaan die volk is soos 'n leeumantjie wat eers gaan lê as hy sy prooi verskeur het – heelwaarskynlik 'n aanduiding dat die volk die beloofde land suksesvol sal inneem en hulle vyande gaan verstrooi.

Opsommend: Die Here sê deur Bileam Hy is by die volk, en boonop het Hy hulle geseën. Omdat Hy nie Sy beloftes verander nie, sal Hy by hulle bly, en hulle gaan suksesvol hulle vyande vernietig. Duidelik is dit glad nie wat Balak wou hoor nie – hierdie is duidelik nie 'n vloek nie, dis 'n seën. Boonop is dit 'n seën wat onherroeplik vasstaan, en boonop hou dit 'n bedreiging vir hom in – want die volk is soos 'n leeumantjie wat sy vyande gaan verstrooi, en duidelik is Balak deur sy optrede deel van die volk se vyande.

#### Die derde uitspraak van Bileam (Num 23:27-24:14)

Steeds gee Balak nie op nie. Hy gaan nog 'n derde keer probeer. Weer moet hulle verskuif na 'n ander berg toe. Hierdie keer verskuif hulle na die top van die berg Peor. Weereens gaan hulle deur die ritueel om sewe altare te bou, en sewe bulle en ramme daarop te offer.

Maar hierdie keer is daar tog verskille van die vorige kere. Selfs vir Bileam was dit teen hierdie stadium baie duidelik dat die Here doodeenvoudig nie die volk gaan vervloek nie – Hy gaan hulle eenvoudig seën. Num 23:1 sê gevolglik het Bileam hom nie soos in die vorige gevalle tot toordery (OAV) gewend nie (nie 'n voorteken gesoek nie – NAV). Dit is nie vir my presies duidelik wat hierdie toordery is waarvan gepraat word nie. Maar dit lyk asof Bileam in die vorige gevalle steeds nog gepoog het om op een of ander manier die Here te beïnvloed sodat Hy wel die volk sou vervloek, soos wat Balak so graag wou hê. Dit is verstommend dat ongeag die herhaalde male wat hy al by die Eufraat gewaarsku was, en na die gebeure met die donkie op pad na Balak toe waar die Here so duidelik gemaak het dat hy alleen maar mag sê wat die Here sê, dat dit nou blyk tot op hierdie stadium het hy steeds probeer om die Here van plan te laat verander.

Nog 'n verskil is dat Bileam in hierdie derde geval, van die top van Peor af, die hele volk kon sien. In Num 24:2 lees ons dat hy gesien het hoe die volk volgens hulle stamme in die laer gekamp het. Hierdie keer het hy dus nie net 'n gedeelte van die volk gesien soos in die vorige twee gevalle nie, nee hy kon die hele volk sien en hoe hulle volgens hulle stamme gekamp het. Kom ons dink vir 'n oomblik wat Bileam gesien het – ons het mos deur daardie eerste paar hoofstukke van Numeri gewerk waar ons geleer het hoe die kamp lyk. Wat Bileam kon sien is die volgende:

- In die middel van die kamp is die tabernakel. Hy kon sekerlik nie die binnekant van die tabernakel sien nie. Maar hy kon waarskynlik onderskei dat daar 'n voorhof was en dan ook die tent daaragter waarbinne die Heilige en Allerheiligste is. In die voorhof was daar die

brandofferaltaar en waskom. Hy kon waarskynlik iets van die gewerskaf in die voorhof sien om die offers te bring op die brandofferaltaar.

- Hy kon sien die ingang van die tabernakel is aan die oostekant. Hy kon sien naaste aan die tabernakel aan die oostekant is daar 'n paar tente – dit is waar Moses, Aäron en die priesters woon. Aan elk van die suide, weste en noordekante, naby aan die tabernakel, woon daar 'n spesifieke groep – ons weet dit is die drie Levietegroepe.
- Hy kon sien rondom die Leviete en priesters is daar ook aan elke kant van die tabernakel telkens drie stamme wat volgens hulle stamme kamp opgeslaan het. Hy kon ook nou sien hoe groot die volk is – meer as 600 000 mans ouer as 20 jaar.
- Hy kon sien buite die kamp is daar nog 'n klompie mense wat daar woon – hulle was die mense wat onrein was.

Bileam moes teruggedink het aan sy eerste uitspraak – hulle is so baie soos die stof. Nou sien hy hulle is werklik baie. Hy moes teruggedink het aan sy tweede uitspraak – die Here is by hulle. Nou sien Hy die Here is werklik by hulle, Hy is die middelpunt van die kamp. Hy sien dat wat hy gesê het, klop met die werklikheid. En dit tref hom soos 'n vuishou tussen die oë – hier is iets groots aan die gebeur. Ewe skielik laat vaar hy al sy toorkunsies waarop hy hom verlaat het. Trouens, Num 23:2 sê die Gees van God het oor hom gekom – en dan lewer hy sy derde uitspraak.

Hy begin hierdie uitspraak en erken hy is tot in sy sokkies geskud deurdat hy verstaan dit is die Here wat sy oë oopgemaak het om te sien wat die Almagtige wil hê hy moet sien. In die res van die uitspraak vertel Bileam dat hy sien hoe mooi die tente en die wonings van die volk is. Hy beskryf dit as uitgestrekte valleie, tuine by 'n rivier, aalwyne en sederbome wat toegang het tot oorvloed water. Heelwaarskynlik is hierdie 'n beskrywing van die volk wanneer hulle wel in die beloofde land gaan wees. Bileam sien ook weereens die krag van Israel se koning, dat die Here wat hulle uit Egipte gebring het, hulle krag is waardeur hulle hulle vyande gaan vernietig. En daarna sal hulle soos 'n leeumannetjie gaan lê – en wie gaan hulle opjaag? Hy sluit sy uitspraak af met: “Geseën is hulle wat jou seën, en vervloek is hulle wat jou vervloek.”

Teen hierdie tyd het Balak genoeg gehad. Hy wou hê die volk Israel moes vervloek word. Nou word die volk nie net geseën nie, maar boonop moet hy hoor dat hy wat die volk wil vervloek, kan verwag om vervloek te word. Hy vaar uit teen Bileam – arme Bileam se verwagting op 'n loon is ook daarmee heen. Balak jaag hom weg sonder betaling. Bileam sê hy het Balak genoeg keer gewaarsku dat hy maar net kan sê wat die Here sê. Num 24:14 sluit egter af met Bileam wat sê voor hy huis toe gaan, het hy egter nog 'n paar dinge om te sê. Ons stop eers hier, en sal as die Here wil, volgende week kyk wat Bileam nog te sê gehad het. Ons het egter eers genoeg om aan te herkou.

### Besinning oor die drie uitsprake

In hierdie drie uitsprake het Bileam die volgende aspekte uitgewys: In die eerste uitspraak dat die volk 'n groot volk is, in die tweede dat die Here by die volk is, en in die derde uitspraak dat hulle die beloofde land sal inneem.

Lees nou Gen 12:1-3. Hierdie is drie aangrypende verse. Die Here is besig om Sy verbond met Abram te sluit. Die Here gee die opdrag aan Abram dat hy uit sy land moet trek, weg van sy mense af na die land toe wat die Here aan hom sal wys. Boonop sal die Here hom 'n groot nasie maak en Hom seën, soveel so dat hy tot seën sal wees. Die Here sal die seën wat vir Abram seën, en die vervloek wat hom vervloek – in hom sal al die volke van die aarde geseën wees. Duidelik belooft die Here aan hom 'n land en ook 'n groot nageslag wat selfs uit baie nasies (NAV) of geslagte (OAV) sal bestaan. In Gen 15 brei die Here verder hierop uit en verduidelik dat sy nageslag so baie sal wees soos die sterre aan

die hemel (Gen 15:5), en in Gen 17:4 verduidelik die Here opnuut weer hy sal die vader wees 'n menigte nasies. In Gen 17:7 maak die Here dit baie duidelik: Hierdie verbond is 'n ewige verbond, en Hy sal Abram se God wees, en ook die God van sy nageslag. Daar is dus drie belangrike elemente in die Abrahamverbond: Die Here beloof aan Abraham die land, 'n groot nageslag wat uit baie nasies sal bestaan, en ook dat Hy vir Abraham en sy nageslag 'n God sal wees. Boonop is hierdie verbond 'n ewige verbond.

Kom ons gaan nou terug na Bileam se drie uitsprake: In die eerste uitspraak lê hy klem daarop dat die volk 'n groot volk is – hulle is so baie soos die stof! In die tweede uitspraak lê hy klem op die feit dat die Here by die volk is, en in die derde uitspraak sien hy die volk as hulle gevestig is in die beloofde land. In elk van die drie uitsprake sien Bileam een van die drie beloftes van die Abrahamverbond. Boonop het Bileam ook in die tweede uitspraak uitgelig dat die Here nie van gedagte verwissel nie en uitvoer wat Hy beloof het – dit is natuurlik hoekom die Abrahamverbond 'n ewige verbond is, en steeds van krag was toe Bileam hulle op die Moabsvlakte gesien het. Let ook op dat Bileam sy derde uitspraak afsluit met die woorde: “Geseën is hulle wat jou seën, en vervloek is hulle wat jou vervloek” – dit is 'n direkte aanhaling van Gen 12:3! Onmiskenbaar duidelik konfronteer die Here Bileam en Balak met die Abrahamverbond.

Dink verder oor die volgende: Met die eerste twee uitsprake praat Bileam oor die twee beloftes in die Abrahamverbond wat alreeds op daardie stadium gerealiseer het – die volk was reeds 'n groot volk en die Here was reeds in hulle midde. Onthou ook, met hierdie twee uitsprake het Bileam nog slegs 'n gedeelte van die volk gesien. Hy het nog nie fisies gesien hoe groot hulle werklik is nie en ook nie fisies gesien dat die Here in hulle midde is nie. Hy lewer hierdie uitsprake op grond van wat die Here vir hom geopenbaar het. Onthou verder, met hierdie twee uitsprake het hy hom nog besig gehou met een of ander vorm van toordery. Met die derde uitspraak sien hy egter die hele volk, hy sien die hele kamp. Hy sien hoe akkuraat sy eerste uitspraak was – die volk is 'n baie groot volk. Hy sien hoe akkuraat sy tweede uitspraak was – die Here is reg in die middel van die kamp. Dit is wat hom tussen die oë slaan, en hoekom hy skielik van al sy toorkunsies vergeet. In hierdie derde uitspraak praat hy oor daardie derde belofte in die Abrahamverbond wat op die punt staan om ook te realiseer, naamlik dat die volk die beloofde land sal inneem en hulle vyande vernietig. Trouens, dit het reeds begin toe hulle die Amoriete verslaan het. Daar is nou geen huiwering meer by Bileam nie. Hy tree met al meer bravade op. Hulle sal die beloofde land inneem!

Die gesig wat Bileam met die derde uitspraak van die top van die berg Peor gesien het, was 'n sigbare uitbeelding van die stand van die uitvoering van die Abrahamverbond op daardie punt in die geskiedenis. Die volk is reeds 'n groot volk. Hulle is 'n volk wat afgesonder was van die ander volke – die Amoriete was reeds verslaan, en Balak en die Moabiete skuil vreesbevange op die berge rondom die Moabsvlakte. Die Here is in hulle midde, trouens Hy tabernakel in die middel van die kamp. Verder, hulle het reeds die eerste stap geneem om die gedeelte van die beloofde land oos van die Jordaan in te neem, en is op die punt om deur die Jordaan te trek en ook die res van die beloofde land in te neem.

En die boodskap aan Balak is baie duidelik en op die man af: Die Here het rofweg 600 jaar gelede al aan Abraham belowe: Die een wat Abraham se nageslag seën, sal geseën wees, en wie hulle wil vervloek, sal vervloek wees. Wel, Balak, jy het spesiaal vir Bileam laat roep om die volk te vervloek. God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie? Daarom, Balak, sal die volk geseënd wees, maar jy sal vervloek wees. Wat ons moet sien is dat die Here doodernstig is oor die vervulling van Sy verbond met Abraham!

## Toepassing

Sedert die skepping, het die Here Homself aan die mensdom verbind deur 'n verbond. Aanvanklik, voor die sondeval, was dit 'n werksverbond. Maar sedert Gen 3 het die Here Homself verbind deur Sy genadeverbond. In Gen 3 het die Here beloof dat die Verlosser sal kom wat eventueel die kop van die slang sal vermorsel. So is daar heelwat verbonde in die Ou Testament. Dink maar aan die verbond met Noag, met Abraham, die Sinaiverbond, en die verbond met Dawid. Eintlik is al hierdie verbonde deel van die een genadeverbond wat reeds in Gen 3 begin het. Elke opvolgende verbond bou op die voriges en lê klem op 'n ander element van die genadeverbond. Met Jesus se eerste koms, breek die Nuwe Verbond aan. Hierdie Nuwe Verbond is egter ook deel van daardie genadeverbond wat in Gen 3 begin het. Daar is sekere veranderinge wat intree met die Nuwe Verbond, maar al hierdie veranderinge hou verband met die Sinaiverbond. Die ander verbonde in die Ou Testament duur steeds voort – en dit sluit die Abrahamverbond in. Dit is hoekom die Here in Gen 17:7 so duidelik kon beloof dat die Abrahamverbond 'n ewige verbond is. Dit is hoekom die Nuwe Testament in gedeeltes soos Gal 3, Rom 4 en Rom 9 teruggryp na Abraham as 'n voorbeeld, as vader van die gelowiges. Lees Rom 4:16-17.

In Num 23 en 24 konfronteer die Here vir Bileam, en indirek vir Balak, met die Abrahamverbond. Die boodskap aan hulle is: As julle doelwit is om die volk van die Here te vervloek – neem kennis, julle doelwit is teenstrydig met die Abrahamverbond. Daardie verbond staan vas – want dit is die Verbondsgod wat dit gesluit het, en Hy het gesê dit is 'n ewige verbond. Met sy eerste uitspraak het Bileam gesê hy begeer om ook opreg te sterwe soos die lede van die volk. Wel, Bileam, as dit werklik is wat jy begeer, moet jy ophou om teen die volk van die Here te werk.

Maar die Abrahamverbond staan vandag steeds onwrikbaar vas. Glo jy dit? Is dit vir jou bemoedigend? Of is die Abrahamverbond vir jou net 'n vae gebeurtenis iewers in die Ou Testament? Bileam is tot stilstand geruk toe hy die hele kamp sien en hoe ver die Here al gevorder het met die vervulling van Sy beloftes aan Abraham. In die meer as 3 000 jaar wat verloop het sedert Bileam en Balak, het die Here nog baie vordering gemaak. Volgende week sal ons sien hoe van Bileam se verdere uitsprake ook al intussen in vervulling gegaan het. Verder, dink aan die feit dat die Here aan Abraham beloof het dat hy die vader van baie nasies sal word. Op hierdie stadium in Numeri was die meeste lede van die volk fisiese afstammelingen van Abraham. Sedert Jesus se hemelvaart het dit natuurlik beduidend uitgebrei. Vandag is daar gelowiges as ware nageslag van Abraham uit alle volke, stamme, tale en nasies. Kan ek jou verder herinner aan wat Openbaring ons leer. In Op 21 lees ons van die nuwe hemel en aarde. En in vers 3 lees ons die volgende: “Kyk die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal Sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God”. Dit is 'n direkte verwysing na die belofte van God in die Abrahamverbond. Netsoos wat Bileam en Balak kennis moes neem dat die Here se plan onomstootlik op pad is na die vervulling van die beloftes aan Abraham, so is dit vandag steeds die geval.

Dit moet ons bemoedig. Dit moet ons ook aanspoor om 'n deeglike begrip op te bou van die Abrahamverbond, en ook die ander verbonde in die Bybel. Onthou 1 Kor 10:11 – hierdie dinge is opgeskryf as voorbeelde en waarskuwings vir ons wat die einde van die tye beleef.

Die vraag is nou: Beywer jy jou om die nageslag van Abraham te laat groei, beide in terme van getalle, maar ook in terme van kennis en toewyding? Het jy die verwagting dat ons binnekort die beloofde land binne sal gaan – die nuwe aarde onder die nuwe hemel? Is die Here werklik die middelpunt van jou lewe? Of is jy 'n rem wat die vervulling van die beloftes belemmer? Onthou: Geseën is die wat hulle beywer vir die realisering van die Here se beloftes aan Abraham, vervloek is die wat dit teenstaan.